

Geliefd:

Gemaak deur liefde

Lee-Ann van Rensburg 29/09/2019

1. GOD IS LIEFDE

1.1. God het nie net lief nie, Hy is liefde.

1 Johannes 4:7-8 & 16 (Die Boodskap) “My liewe vriende, laat ons aanhou om mekaar lief te hê, want liefde kom van God af. Aan liefde ken ’n mens die kinders van God uit, want hulle ken Hom goed. 8 God is liefde! Iemand wat nie liefhet nie, weet niks van God nie. God het ons lief. Ons weet en glo dit. God is liefde. As daar dus liefde uit jou lewe straal, vertel dit hoe naby jy aan God leef.”

1.2. God het nie lief omdat ons dit verdien of daarvoor betaal nie. Hy straal liefde uit, want Hy is liefde.

Matteus 5:43-45 (Die Boodskap) “Julle ken ook die ou opvatting: ‘Wees lief vir jou naaste. Haat jou vyand.’ “Wel, dit is nie waar nie. Ek sê vandag vir julle dat julle ook julle vyande moet liefhê. Bid vir almal wat julle swaar laat kry en julle vervolg. Dan leef julle regtig soos kinders van God. Want Hy doen goeie dinge vir almal. Hy laat die son skyn oor goeie mense en oor slegte mense. Hy laat dit ook reën oor goeie mense se grond en oor slegte mense se grond.”

2. AARDSE LIEFDE LYK ANDERS AS GOD SE LIEFDE:

2.1. Ons liefde het voorwaardes; God se liefde in onvoorwaardelik.

Romeine 8:38-39 (Die Boodskap) “Daarom is ek heeltemal seker dat niks wat met ons gebeur ons ooit van God se liefde kan skei nie. Nie eens die dood of enigiets in hierdie lewe nie. Ook nie slegte engele of ander bonatuurlike magte nie. Ook nie iets wat dalk vandag of môre met ons kan gebeur nie. Ook nie enige buitengewone kragte nie. 39 Selfs nie die hoogste berg of die diepste see hier op die aarde nie. Letterlik niks in hierdie skepping kan ons ooit van God se liefde skei nie. Hy het vir ons kom wys hoe lief Hy ons het toe ons Here, Christus Jesus, in ons plek doodgegaan het.”

Jesaja 54:10 (Die Boodskap) “Berge kan verskuif word en heuwels kan verdwyn, maar my liefde vir jou sal nooit ophou nie. My ooreenkoms van vrede met jou sal nooit tot ’n einde kom nie. Dit is wat die Here sê wat soveel vir jou omgee.”

2.2. Ons liefde is gebaseer op emosies en gevoelens. God se liefde is stabiel en verander nie van oomblik tot oomblik met elke emosie nie.

Romeine 5:8 (Die Boodskap) “Maar God is heeltemal anders as ons. Hy wys juis hoe lief Hy ons het deurdat Jesus in ons plek doodgegaan het toe ons almal nog ’n spul sondaars was.”

2.3. Ons liefde is selfsugtig; God se liefde is onselfsugtig.

Romeine 5:6-8 “Christus het op presies die regte tydstip vir ons gesterf. Hy het sy lewe vir ons opgeoffer toe ons nog in die sonde rondgelê het. Dit is totaal ondenkbaar dat Christus bereid was om so iets vir ons te doen. Nie een van ons sal ooit ons lewe vir iemand anders prysgee nie. Ja, miskien nog vir ’n baie goeie vriend of vir die een of ander goeie mens. Maar God is heeltemal anders as ons. Hy wys juis hoe lief Hy ons het deurdat Jesus in ons plek doodgegaan het toe ons almal nog ’n spul sondaars was.”

2.4. Ons liefde is tydelik; God se liefde is ewig.

Jeremiah 31:3 (Nuwe Lewende Vertaling) “Lank gelede reeds het die Here dit aan ons bekendgemaak: “Ek het jou lief met ’n liefde wat nooit ophou nie. Ek trek jou met troue liefde na My toe.”

Psalms 136:1 (Die Boodskap) “Loof die Here, want Hy is baie goed, sy liefde hou nooit op nie.”

2.5. Ons liefde kom met mure van beskerming. God was so lief vir ons dat Hy het Sy Seun gestuur het om gespot, gemartel en vermoor te word deur ons vir ons. God se liefde het Hom kwesbaar gemaak.

Johannes 3:16 (Die Bybel vir Almal) “God is lief vir die mense, daarom het Hy sy Seun gegee. Daar is niemand soos die Seun nie. Elkeen wat in Hom glo, sal nie verlore gaan nie, maar sal die ewige lewe hê.”

Efesiërs 2:6-8 (Die Bybel vir Almal) “Hy was dieselfde soos God, maar Hy het nie gedink dat Hy altyd moet aanhou om so belangrik soos God te wees nie. Hy het Homself verneder en Hy het geword soos ’n slaaf, Hy het ’n mens geword soos ons. Toe Hy ’n mens geword het, het Hy Homself nog meer verneder, Hy was gehoorsaam en Hy het gesterf. Ja, Hy het aan die kruis gesterf.”

3. BLY IN GOD SE LIEFDE

3.1. As ons in God bly, raak Sy liefde ook deel van ons.

3.2. As God se liefde deel van ons raak, sal ons liefde lyk soos die liefde in 1 Korintiërs.

1 Korintiërs 13:4-7 (Die Bybel vir Almal) “Iemand wat lief is vir God en vir ander mense, is geduldig en vriendelik, hy is nie jaloers nie, hy spog nie, hy is nie hoogmoedig nie, hy doen nie lelike dinge nie, hy is nie selfsugtig nie, hy word nie gou kwaad nie, hy onthou nie vir altyd dat mense slegte dinge aan hom gedoen het nie, hy is nie bly wanneer mense verkeerde dinge doen aan ander mense nie, hy is baie bly wanneer mense die waarheid praat. Hy word nooit moedeloos nie, hy hou aan om te glo en te hoop, hy bly geduldig.”

Gesprek Gids

OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK

1. Lees 1 Korintiërs 13:4-7 en voeg jou naam in die vers elke keer wat daar van liefde praat word.
2. Beskryf die skrif die manier wat jy werklik lief het?
3. In watter van die areas, genoem in die notas, verskil jou liefde van God se liefde die meeste?